Die Realiteit van Bybelse Profesieë

Die Joodse Troutradisie

En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak. Joh 8 v 32



As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Joh 8 v 36

Die Groot Hemelse Bruilof van Prag en Praal!

Vgs Matt 25 v 10 en Opb 19 v 7 - 9

Die Christene se grootste geskenk ooit uit Heilige Abba Vader se groot liefdes Vaderhart en Hand!

Om vir ewig Bruid en Vrou van Sy eniggebore Seun Heilige Jesus Christus te wees vgs Opb 21 v 9 - 10

Vraag

Maar wat moet ek nou al doen om te kwalifiseer, om wanneer Hy op die wolke verskyn vgs 1 Thess 4 v 16 – 17 deel van Sy Bruid te wees

Jy moet soos een van die
5 wyse maagde wees,
vgs Matt 25 v 9 – 10 wat
genoeg olie in hul lampe
en kanne gehad het!

Vraag

Wat beteken dit om ‘n maagd te wees, en om genoeg olie te hê?

Dit beteken eenvoudig om nou in hierdie sondige en goddelose wêreld, ‘n rein en afgesonderde lewe te lei vgs Rom 12 v 1 - 2

Daarom die volgende kritieke redes waarom jy indringend deel van die 5 wyse maagde moet wees!

Dis ‘n eenmalige geskenk in ‘n oomblik, in ‘n oogwink

vgs 1 Kor 15 v 51 – 54, daarna is dit vir ewig verby!

Jy kry ‘n verheerlikte liggaam wat nooit kan sterf nie

vgs 1 Joh 3 v 1 - 3

Jy gaan die 7 jaar van aardse hel op aarde tydens die groot verdrukking vgs Luk 21 v 36 vryspring!

Jy gaan as ‘n wyse maagd ‘n deel wees van Heilige Jesus se Bruid en in die Hoogste Hemel met Hom trou vgs Matt 25 v 10 en Opb 19 v 7 - 8

Na hierdie asemrowende Hemelse troue in die Hemel kom jy saam met Hom terug aarde toe op witperde vir die slag van Armaggedon vgs Sag 14 v 5 en Opb 19 v 14

Jy gaan ook as deel van Heilige Jesus se “Vrou” vir ‘n duisend jaar saam met Hom heers as ‘n koning vgs Luk 19 v 16 – 19 en Opb 20 v 6

Na Sy Vrederyk op aarde gaan jy as deel van Sy Bruid en vrou vir ewig saam met Hom wees in die nuwe Jerusalem vgs Opb 21 v 9

Kind van ons Heilige Abba Vader moet hierdie asemrowende Goddelike Heerlikheid vir geen geld op aarde mis nie!!! Vgs Matt 25 v 3 en v 12

Vraag

Waarom het Heilige Jesus vir ons die gelykenis van die 10 maagde die in Matt 25 v 1 – 13 gegee en waarom het Hy dit so verwoord?

Omdat beide Sy ouers, Josef en Maria was Jode daarom kom haal Hy Sy Bruid die 5 wyse maagde op ‘n eg outydse Joodse Troutradisie vgs Matt 25

Wanneer ‘n Joodse jongman die meisie van sy drome ontmoet vertel hy sy vader daarvan!

Indien hy dit goedkeur, vertrek beide vader en seun na die „droom meisie” se huis

Daar aangekom word daar onderhandel oor ‘n prys en word daar ‘n kontrak gesluit en vind die verlowing plaas (Golgotha) vgs 1 Pet 1 v 18 - 19

Hierna keer hulle terug en begin die bruidegom vir hom en haar ‘n huis te bou by sy vader se huis

vgs Joh 14 v 2 – 3

In hierdie tyd berei sy Bruid haar voor, leef rein en heilig en laat brand ‘n lamp in haar venster as teken dat sy rein en gereed is
vgs Hebr 12 v 1 - 2

Wanneer hul
huis gereed is
vertrek die
bruidegom met
sy geselskap na
die Bruid se huis
en nader dit om
middernag
vgs Matt 25 v 6

‘n Basuin word geblaas om die bruid wakker te maak, en ,,steel” hy haar uit haar ouerhuis terwyl hulle slaap vgs 1 Thess 5 v 2, 1 Thess 4 v 16

Sy moet genoeg olie in haar kannetjie hê vir die lang reis na haar nuwe tuiste in die nag vgs Matt 25 v 4

Die volgende oggend merk die Bruid se ouers op dat hul dogter gedurende die nag deur haar bruidegom „gesteel” is, waarna hulle vertrek na die bruilof! (1 Thess 5 v 2)

Wanneer die Bruidegom met sy bruid by sy ouers se huis aankom, begin die „Bruilofsweek” amptelik soos genoem in Gen 29 v 27 – 28, Matt 25 v 10 en Opb 19 v 7 - 9

By die bruilof, ontmoet hulle almal wat genooi is vir die bruilof, waarna die Bruidegom sy bruid aan almal openbaar en dan word daar feesgevier!
(Opb 19 v 7 – 9)

Heilige Jesus Christus ons grootste geskenk
vgs Joh 3 v 16 „Want so lief het Heilige God die wêreld gehad dat Hy Sy enigebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê!

Hy het ons
duur kom koop
vgs 1 Pet 1 v 18 - 19,
die prys is betaal en
verseël in Sy eie
woorde aan die kruis
op Golgotha
vgs Joh 19 v 30
„DIT IS VOLBRING!”



Heilige Jesus se groot belofte vgs Joh 14 v 2 - 3

Ek gaan om vir julle plek te berei, en kom julle haal sodat julle ook kan wees waar Ek is!!! Halleluja!!! Soli Deo Gloria!!! Amen!!!

Die grootste geskenk ooit!!!

Om Bruid en Vrou van Heilige Jesus te wees vgs Opb 19 v 7 – 9 en Opb 21 v 9!!! Halleluja!!! AMEN!!!

MOET DIT NIE MIS NIE!!! AMEN!!!

Mag hierdie kosbare Bybelse skrif gefundeerde inligting mening christen aanraak en versterk, en strek tot eer en verheerliking van Sy Grote en Heilige Naam!!! Aan Heilige God al die lof en al die eer!!! AMEN!!!